6 Bestuursraad

6.1 Finansiële kommissie (Adriaan van Eeden 082 651 1479)

6.1.1 Samestelling

Voorsitter: Adriaan van Eeden
Ondervoorsitter: Dirk Pieterse
Lede: Chris van Wyk (Leraar), PW Moolman (Kommissielid), Chris Wentzel (Kommissielid), Sune Diedericks (Kommissielid), Andre Hefer, (Klema verteenwoordiger) Marlein van Deemter (Kassier)

6.1.2 Vergaderplan vir die jaar (2012)

Die kommissie poog om gemiddeld elke tweede maand te vergader soos aangedui op die almanak.

6.1.3 Wat gedoen gaan word

6.1.3.1 Begroting

Die begroting vir die volgende jaar word opgestel na insette van al die bedieninge ontvang is. Vaste koste / verpligte uitgawes word normaalweg met inflasie aangepas. Klema inkomste en uitgawes word onderhandel. Die volgende beginsels vorm die basis vir die begroting:

- inkomste moet uitgawes oorskry - (mag nie vir verlies begroot nie)
- Die verskillende trustfondse wat in die lopende rekening gehou word, word vir oorbringinsfondse gebruik om aanvanklike tekorte te finansier indien nodig.
- Verlof voorsiening moet voor begroot word
- Oorskot in enige jaar moet in onderhoudsfonds as vaste belegging gestort word.
- Enigste koste implikasie van die kommissie is die ouditfooie

6.1.3.2 Kontrole

Uitgawes word maandeliks gemonitor ten einde binne begroting te bly en kontrole oor uitgawes uit toe oefen. Ultgawes word maandeliks gemonitor ten einde binne begroting te bly en kontrole oor uitgawes uit toe oefen. Indien addisionele fondse iewers benodig word moet die begroting elders gesny word tensy die inkomste die begroting genoegsaam oorskrei.

Inkomste word ook maandeliks gemonitor ten einde te verseker dat daar genoegsame fondse inkom. Indien die inkomste onder begroting is moet die kommissie dit aan die Bestuursraad rapporteur waar die bedienge moet aandui watter besparings bewerkstellig kan word om 'n verlies te vermy.

Die kommissie deur hul voorsitter doen op 'n gereelde basis verslag aan die Bestuursraad en adviseer die Bestuursraad oor enige aanpassings wat gemaak moet word.

6.1.3.3 Wanneer gaan dit gedoen word

Begroting: Die kommissies en bedieninge moet reeds einde September 2011 hulle begrotings vir 2012/2013 aan die finansieskommissie beskikbaar stel, sodat 'n voorlopige begrotingsvergadering reeds in November 2011 gehou kan word.

Die Finansiële Kommissie stel in November 'n konsep begroting op nadat hulle biddend daaroor besin het en insette van die Bedieningsbestuurders ontvang het. Hierdie begroting word dan in Februarie aan die Bestuursraad en Kerkraad voorgelê vir goedkeuring

Finansiële jaar is Maart tot Feb

Beplanning: Monitering / kontrole deurlopend

6.1.3.4 Wie gaan dit doen
Voorsitters van onderskeie kommissies & bedieninge moet insette lewer vir opstel en goedkeuring van die begroting. Die opstel van begroting en monitering van uitgawes word deur kassier in samewerking met kommissie gedoen.

6.1.3.5 Waar gaan dit gedoen word
Op kantoor by die kerk

6.2 Diensverhoudinge (Morag Pieterse 041 583 2118)

6.2.1 Samestelling
Die Kommissie bestaan tans uit:
Voorsitter & Verteenwoordiger van die Kerkraad: Morag Pieterse
Drie (3) lede: Gerrit Venter, Carin van Eeden & Loreen le Roux.
Klema: Werner Nel
Verteenwoordiger van Personeel: Marlein van Deemter

6.2.2 Taak vir die Kommissie

Die kommissie sien om na alle sake wat die personeel van die Kerkraad raak. Die kommissie vergewis hulle van die toepaslike arbeidswetgewing, bepalings van die Kerkbode en algemene personeelbestuurspraktyke. Die kommissie tree op namens die werkgewer in die onderhandeling met die personeel (diensooreenkomste, kontrakte, vergoeding, ens) maar verteenwoordig ook die Kerkraad in die dag-tot-dag toesig en versorging van die personeel. Die kommissie dien as kommunikasiekanaal vir die Kerkraad en personeel.

6.2.3. Spesiale Take.
6.2.3.1. *Artikel 9 (Kerkorde):* Deurlopende aanpassings waar nodig.
6.2.3.2. *Personeelbeleid:* Deurlopende aanpassings waar nodig.
6.2.3.3. *Begrotingsvoorstelle* vir behandeling tydens die Augustus vergadering. Salarisverhogings in oorleg met die finansiële-kommissie.

6.2.4. Vergaderdatums 2012
Vergader soos op die almanak aangedui. Tydens elke vergadering word die toegekende verantwoordelikhede aan lede as staande items gehanteer.